# Bepalings en Voorwaardes

Supronet

Ideas Design Function

# SuproNet Bepalings en Voorwaardes

2020-04-15

Die volgende bepalings en voorwaardes is van toepassing op alle ooreenkomste tussen SuproNet en kliënte vir die ontwikkeling en/of huisvesting van webwerwe en ander ontwerp en ontwikkeling, tensy skriftelik anders ooreengekom. Aanvaarding van ons voorstel en kwotasie word beskou as aanvaarding van hierdie bepalings en voorwaardes.

SuproNet is ‘n afdeling van SUPROKON Bestuursdienste BK en die ooreenkoms met SuproNet is ‘n ooreenkoms met SUPROKON Bestuursdienste.

“Die kliënt” is die persoon of organisasie wat die ooreenkoms met SuproNet aangaan.

1. Ons maak van xneelo gebruik vir die huisves van webwerwe. Tensy die kliënt ‘n ander verskaffer gebruik, is xneelo se voorwaardes van toepassing en nie onderhandelbaar nie. Die voorwaardes is gemik daarop om billike gebruik en benutting deur alle gebruikers te probeer verseker en misbruik uit te skakel. ‘n Indeks van regsverwante bepaling deur xneelo kan gevind word by xneelo Legal Notices (https://xneelo.co.za/legal/). Die volgende bladsye bevat voorwaardes wat meer spesifiek ter sprake is:
    a. xneelo: Terms of Service (https://xneelo.co.za/legal/terms-of-service/)
    b. xneelo: Acceptable Use Policy (https://xneelo.co.za/legal/acceptable-use-policy/)

    Deur ‘n ooreenkoms met SuproNet aan te gaan vir die huisves van u webwerf, aanvaar die kliënt xneelo se voorwaardes onvoorwaardelik.

2. SuproNet onderneem om redelike sorg te dra dat inligting wat die kliënt verskaf, korrek geplaas word. SuproNet dra agter geen verantwoordelikheid vir enige skade wat die kliënt mag lei, direk of gevolglik, weens bona fide foute of inligting wat ter goeder trou deur ons op die webwerf geplaas word nie. Die kliënt is en bly verantwoordelik vir die inhoud van die kliënt se webwerf en onderneem om:
    a. Proewe en geplaasde inligting binne ‘n redelike tyd na te gaan en SuproNet tydig in kennis te stel indien daar foute voorkom.
    b. Alle verantwoordlikheid te dra en SuproNet skadeloos te stel ten opsigte van alle eise wat teen die kliënt ingestel mag word weens inligting wat op die kliënt se webwerf verskyn.

3. Fooie wat betrekking het op die registrasie van webdomein(s) en huisves van die webwerf is betaalbaar voordat registrasie plaasvind en huisvesting opgestel word. Fooie vir hernuwing van domeinregistrasie en huisvesting is vooruitbetaalbaar vir elke betalingstermyn van 12 maande.

4. Fooie wat betrekking het op die ontwerp en ontwikkeling van die webwerf is as volg betaalbaar:

    a. Ten minste 50% voordat met die ontwerp begin word.
    b. Balans binne 7 dae nadat die ontwikkeling voltooi is.

5. Die webwerf sal eers geplaas (gepubliseer) word nadat die kliënt die ontwerp en inhoud goedgekeur het. Dit is die kliënt se verantwoordelikheid om die inhoud deeglik na te gaan vir korrektheid. Enige foute wat reggestel moet word nadat die kliënt die inhoud goedgekeur het, sal bykomstige fooie tot gevolg hê en is vir die kliënt se rekening.

6. Tensy skriftelik anders ooreengekom sal die kliënt alle inligting en grafiese elemente wat vir die ontwerp benodig word, verskaf in ‘n vorm wat redelikerwys bruikbaar is. Die onttrekking van inligting uit ‘n bestaande webwerf of webwerwe (die kliënt se eie webwerf(we) of ander), word nie beskou as “‘n vorm wat rederlikerwys bruikbaar is” nie. Tensy skriftelik anders ooreengekom, sal SuproNet nie self inligting of enige ander materiaal vind of navorsing doen om inligting of enige ander materiaal te bekom vir plasing op die kliënt se Webwerf nie.

7. Die inligting (webwerfinhoud) wat die kliënt met die aanvang van die projek verskaf, word as die finale, goedgekeurde inhoud beskou. Indien veranderings aan die inhoud gemaak moet word nadat die oorspronklike inligting reeds verwerk is en/of indien die veranderings die omvang van die werk vergroot, is die kliënt aanspreeklik vir bykomstige koste teen ‘n tarief soos van tyd tot tyd bepaal.

8. SuproNet se pryse sluit die dienste in soos beskryf in die voorstel en kwotasie. Enige bykomstige dienste mag bykomstige koste vir die kliënt inhou.

9. ‘n “Bladsy” (i.t.v. grootte van ‘n Webwerf) verwys na inligting en grafika wat ongeveer een A4 bladsy in ‘n normale, leesbare lettergrootte beslaan.

10. SuproNet se pryse en kwotasies is gegrond op die veronderstelling dat kliënte en potensiële kliënte SuproNet se kantore besoek indien enige direkte kontak vereis word. Indien SuproNet die kliënt moet besoek vir watter rede ookal, is bykomstige ‘n bykomstige fooi betaalbaar. Die fooi sal gegrond word op die heersende tarief en tyd word gemeet vandat ons by SuproNet se kantore vertrek totdat ons weer by ons kantoor terug is.

11. SuproNet behou die reg voor om enige Webwerf of gedeelte daarvan sonder voorafwaarskuwing te verwyder indien:

    a. enige van die die bepalings en voorwaardes nie nagekom word nie; of
    b. enige betalings agterstallig is; of
    c. die Webwerf of die gebruik daarvan, volgens SuproNet se uitsluitlike oordeel, landwette oortree; of
    d. SuproNet deur ‘n hofbevel verplig word om dit te doen; of
    e. SuproNet deur enige ander regsproses verplig word om dit te doen.

Indien die diens ingevolge hierdie bepaling opgeskort word, sal SuproNet die kliënt binne redelike tydperk daarvan verwittig.

Indien die diens ingevolge hierdie bepaling opgeskort word, bly die kliënt steeds vir alle gelde vir die hele tydperk aanspreeklik en alle gelde reeds betaal word aan SuproNet verbeur.

12. SuproNet behou die reg voor om enige Webwerf of gedeelte daarvan na redelike voorafwaarskuwing te verwyder indien dit volgens SuproNet se eie en uitsluitlike oordeel skadelik vir SuproNet se goeie naam is om daarmee geassosieer te word. In so 'n geval sal SuproNet gelde wat reeds betaal is pro rata tot die tydperk wat nie benut is nie, terugbetaal.

13. Huisvestingsooreenkomste: Termyn en Beëindiging

    a. Huisvestingooreenkomste geld vir 'n onbepaalde tydperk en is voorafbetaalbaar vir termyne van 12 maande, waarvan die eerste begin op die datum wat die huisvesting aanvanklik opgestel is.
    b. Die kliënt moet 30 dae kennis gee van beëindiging van ooreenkoms.
    c. Indien die kliënt kennis gee 30 dae voor die verstryking van 'n betalingstermyn, word die diens beëindig op die datum van die verstryking van die betalingstermyn.
    d. SuproNet moet die kliënt 60 dae kennis gee van beëindiging van ooreenkoms, behalwe in die geval van spesiale omstandighede soos elders in hierdie bepalings en voorwaardes beskryf.
    e. Indien die kliënt kennis gee dat die ooreenkoms beëidig word voor die verstryking van 'n 12 maande betalingstermyn, sal die kliënt terugbetaling ontvang vir die ongebruikte gedeelte van die termyn, minus 'n administrasiefooi van R100 (BTW ingesluit). Indien die waarde van die ongebruikte gedeelte minder is as R100 (BTW ingesluit), sal geen terugbetaling gedoen word nie maar ook geen inbetaling verwag word nie. Terugbetaling geskied slegs ten opsigte van die huisvestingskomponent van die fooi. Geen terugbetaling sal gemaak word ten opsigte van die dele van die fooi wat betrekking het op die bywerk en/of instandhouding van die webwerf en domeinregistrasie of –hernuwing nie.
    f. Indien SuproNet kennis gee dat die ooreenkoms beëindig word voor die verstryking van 'n 12 maande betalingstermyn, sal die kliënt terugbetaling ontvang vir die ongebruikte gedeelte van die termyn. Terugbetaling geskied slegs ten opsigte van die huisvesting- en bywerk en/of instandhoudingskomponente van die fooi. Geen terugbetaling sal gemaak word ten opsigte van die dele van die fooi wat betrekking het op domeinregistrasie of –hernuwing nie.

14. Webontwerp en –ontwikkeling: Beëindiging

    a. Indien 'n kliënt 'n ooreenkoms vir die ontwikkeling van 'n webwerf beëindig:

        i. Word die aanvanklike fooi (gewoonlik 50%) nie terugbetaal nie.
        ii. Indien SuproNet meer werk gedoen het as wat deur die aanvanklike fooi gedek word (teen die heersende tarief op daardie stadium), sal die kliënt aanspreeklik wees vir 'n bykomstige fooi om die bykomstige werk te dek. Hierdie fooi sal bepaal word op grond van SuproNet se uitsluitlike beraming van die waarde van die werk wat reeds gedoen is.
        iii. SuproNet behou intellektuele eiendomsreg (kopiereg) op alle ontwerpe en ontwikkeling wat reeds gedoen is en die kliënt het geen aanspraak op sodanige ontwerpe en ontwikkeling nie.

    b. Indien die kliënt in gebreke bly om enige inset (byvoorbeeld inhoud of grafika) of terugvoer oor konsepte, voorstelle of toetswebwerwe te verskaf binne 4 weke nadat dit aangevra is, sal dit beskou word as sou die kliënt die ooreenkoms beëindig en geld die bepalings soos vir eksplisiete beëindiging soos hierbo (14. a.) uiteengesit.

15. Die kliënt moet verseker dat die kliënt geregtig is op die gebruik van enige materiaal wat aan SuproNet verskaf word vir gebruik in die ontwikkeling van die webwerf en/of op die webwerf geplaas word. Die kliënt dra volle verantwoordelikheid ten opsigte van enige materiaal wat aan SuproNet verskaf word en stel SuproNet skadeloos ten opsigte van enige aksies of eise wat mag voortspruit uit beweerde of bewese ongemagtigde gebruik van materiaal deur die kliënt verskaf vir gebruik op die webwerf of in die ontwikkeling daarvan.

16. Outeursreg ten opsigte van alle nuwe ontwerpe en afgeleide ontwerpe van dele van die webwerf en die webwerf in geheel, behoort aan SuproNet. Met ontvangs van die volle en finale betaling, dra SuproNet aan die kliënt 'n onherroeplike, nie-eksklusiewe, nie-oordraagbare reg oor om die elemente wat spesifiek vir die webwerf ontwikkel is, en die webwerf in geheel, te gebruik op die kliënt se eie webwerf of webwerwe en ander webwerwe wat verband hou met of verwys na die kliënt se webwerf.

17. Tensy uitdruklik anders gestel word, is die enigste aflewerbare aan die kliënt, die finale uitset (produk) soos beskryf of gespesifiseer. Dit sluit nie in enige ander bronlêers, voorbereidende werk, fofo's, video, grafika, stemopnames, tekslêers, of enige ander material wat bekom, verander, of geskep is voor of tydens die proses om die uitset te skep nie. Hierdie uitsluiting van aflewerbares sluit in die sogenoemde "open files" van enige uitset (aflewerbare).

18. Indien SuproNet enige materiaal of inhoud verkry of aankoop vir die gebruik in die ontwikkeling van of plasing op die webwerf, sal die kliënt gebonde wees aan die gebruiksvoorwaardes van sodanige materiaal.

19. Indien enige bepaling of bepalings in hierdie "Bepalings en Voorwaardes" nie voldoen aan enige wet of wette van die Republiek van Suid-Afrika nie of onafdwingbaar is, bly alle ander bepalings steeds van krag en sal die bedoeling van die geaffekteerde bepaling(s) toegepas word op 'n wyse wat die grootste moontlike beskerming en regte aan SuproNet verleen.

20. Geen optrede, of versuim om op te tree, of weiering of nalatigheid van SuproNet om sy regte af te dwing, mag beskou word as 'n vergunning of kwytskelding wat gemaak word in terme van enige van hierdie bepalings en voorwaardes nie, of dat SuproNet afsien van enige van sy regte nie. SuproNet mag ook van tyd tot tyd wysigings aanbring met betrekking tot hierdie bepalings en voorwaardes.